DIE NAGMAAL IS VIR VERGEEFDE SONDAARS

**ONDERWERP …**

**Kan kinders van die Here weer sonde doen?**
Ja, Jakobus skryf byvoorbeeld *"Ons struikel almal in baie opsigte"* (Jak 3:3).

**Kan daardie sondes maak dat kinders van die Here verlore gaan?**
Nee, want hulle ontvang die EWIGE lewe: *"God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê"* Joh 3: 16; *"Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie."* Joh 10:28

**Is sonde daarom 'n minder ernstige saak?**
Sonde bly 'n ernstige saak – soos siekte: Ons neem tog nie net medikasie of besoek 'n dokter net as ons terminaal siek is nie! Sonde is altyd 'n ernstige saak, want

- Dit ry **ons getuienis** as christene in die wiele (Ghandi; Rom 2:24);
- Dit dui op **ondankbaarheid** teenoor God wat sy Seun vir ons verlossing gegee het (Rom 1:21);
- Dit **bedroef** God (Ef 4:30);
- Dit **benadeel ander** baie keer (Rom 1:29);
- Dit sit soms 'n **kettingreaksie** aan die gang - een sonde lei maklik tot 'n volgende (Kain; Dawid).
- Dit **belemmer ons kommunikasie** met God.

Laat my iets meer hieroor sê. Kommunikasie is die **hart** van 'n verhouding, spesifiek 'n liefdesverhouding. **Sonde tas dus ons verhouding met God in die HART daarvan aan.**

- *"Die arm van die Here is nie te kort om te help en sy oor is nie te doof om te hoor nie. Dit is julle oortredinge wat skeiding gebring het tussen julle en julle God, dit is julle sondes wat maak dat Hy hom nie aan julle steur nie en nie na julle luister nie"* (Jes 59:1,2)
- *"Hierdie manne heg waarde aan afgode. Hulle is so in sonde verval dat hulle net ag gee op hulle afgode. Moet Ek my deur hulle laat raadpleeg?"* (Eseg 14:3)
- *"As jy jou ore sluit vir die hulpgeroep van 'n arm mens, sal jy ook nie antwoord kry as jy roep nie."* (Spr 21:13)

- *"Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saam leef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder."* (1 Pet 3:7)
- *"God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade."* (Jak 4:6)
- *"As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig."* (Jak 4:3)

**Die gevolg** van die gebrekkige kommunikasie is dat die verhouding *nie groei* nie – dit gaan agteruit. Gebrekkige kommunikasie lei tot *kragteloosheid* en *geestelike doodsheid* (Rom 6:23).

**Wie is almal sondaars?**
Dis nie net slegte mense en mense wat nie weet hoe om hulle te gedra wat sondaars is nie. Jesus: *"Die wêreld is skuldig aan sonde, want die wêreld glo nie in My nie."* Jy kan dus die ordentlikste mens wees wat lewe, maar as jy nie in Jesus glo nie, is jy skuldig aan sonde. (Joh 16:9).
**SONDE beteken letterlik om jou doel te mis**. God se doel is dat ons Sy **beeld** sal vertoon; Hom sal **verteenwoordig**; Hom sal **verheerlik**; sal wees soos wat **Jesus** was; in 'n **verhouding** met Hom sal lewe - *"to love and enjoy Him forever";* om Hom bo alles en ons naaste soos onsself **lief te hê**. Sonde kan dus *blote ongeloof wees, of* dinge wat jy *doen*, of NIE doen nie; dit kan *woorde* wees; of *gesindhede.* **Alle mense is sondaars en het nodig** om hulle te bekeer.*(1 Joh 1:8)*

**Wat is bekering?**
**BEKERING beteken** dat ek bewus raak daarvan dat ek 'n sondaar is, en dit erken; dat ek 'n 180 grade OMKEER maak – weg van die verkeerde na God toe; dat ek vir Hom sê dat ek jammer is oor my sonde en om vergiffenis vra; dat ek glo dat Jesus aan die kruis vir my sonde betaal het; dat ek dan glo dat ek vergewe is en 'n dankbare navolger van Jesus word.
'n Mens kan bekering in drie woordjies opsom: **Jammer…asseblief … dankie!**

**Wat nou as ek weer sondig?**
Dan gaan sê ek *weer* vir die Here dat ek jammer is en vra *weer* sy vergiffenis en gee my *weer* aan Hom oor. Daar is dus 'n EERSTE bekering en 'n VOORTGAANDE bekering.
Dit is belangrik dat 'n mens *alle sondes* waarvan jy in jou lewe bewus word, sal **bely en laat staan**. Ons hoef nie gedurig besig te wees met 'n sieklike soort *selfondersoek* nie. Moenie onnodig gaan soek en krap vir sonde nie. As **die Heilige Gees** egter jou aandag op iets vestig, moet jy dadelik daarvan werk maak. Hy het o.a. gekom ons te **oortuig van sonde**. *"As Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en geregtigheid en van oordeel."* (Vorige vertaling Joh 16:8) Hy doen dit veral deur die **Bybel**. Paulus skryf in 2 Tim 3:16 die Skrif het groot waarde om *"verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek"*.
Die **Heilige Gees** kan natuurlik ook **ander mense** gebruik. Ons moenie so liggeraak wees wanneer ander ons op dinge in ons lewe wys wat nie pas by 'n christen nie. Die Bybel leer ons dat ons mekaar op die regte weg moet help sodat niemand *"deur die misleiding van die sonde verhard word nie."* (Hebr 13:12,13). So het die Here die **profeet Natan** na Dawid toe gestuur om hom te wys op sy sonde. **Wat was Dawid se reaksie?**
*"Toe ek oor my sonde geswyg het, het my liggaam uitgeteer … Toe het ek my sonde bely, my oortreding nie weggesteek nie. Ek het gesê: "Voor die Here bely ek my opstandigheid;"* **En wat het God gedoen?** *"en U het my skuld vergewe."* (Ps 32:3,5)
**Belofte**:*"As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie. Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid."* (1 Joh 1:8,9)
**Belydenis is belangrik**.

- Sonde wat tussen **jou en die Here alleen** gedoen is, word tussen jou en die Here alleen bely.
- Wanneer jy **teenoor iemand anders** gesondig het, moet jy dit teenoor daardie persoon bely en hom/haar om vergifnis vra en die sonde ook voor die Here bely (Jak 5:16).
- Wanneer jy iemand **skade berokken** het, moet daar *restitusie* gedoen word (Saggeus- gee vierdubbeld terug – Luk 19:8).
- Sondebleydenis moet egter **met versigtigheid** gedoen word sodat dit die saak nie *verder benadeel* nie. Dit is byvoorbeeld onsinnig om vir iemand te gaan bely dat jy van hom *sleg gedink* het – daarmee breek jy af en bou jy nie op nie. Die **doel van sondebelydenis** is om *herstel en genesing* te bring en nie verdere verwydering nie.
- Wanneer jy jou sonde voor die Here bely en jy **ervaar nie vergifnis** en bevryding nie, is dit goed om saam met ‘n betroubare medegelowige daaroor te gaan bid.

**Wat gebeur met die sonde wanneer ek dit bely**?

- Dit word baie **ver verwyder**: *"So ver as die ooste van die weste is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af."* (Ps 103:12)
- God gooi dit waar Hy dit nie kan sien nie. *"Want U het al my sondes agter U rug gewerp."* (Jes 38:17 Vorige vertaling)
- God werp ons sondes in die **diepte van die see**. *"U sal al hul sondes in die diepsee gooi"* (Miga 7:19)
- God maak ons **skoon** van die vlek van sonde. *"Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here. Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol"* (Jes 1:18)
- God **dink nie meer** aan ons sondes nie *"Ek is getrou aan Myself. Ek dink nie meer aan jou sondes nie."* (Jes 43:25) *"Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie"* (Jer 31:34)
- Ons sondes sal **gesoek, maar nie gekry** word nie. *"Dan, in daardie tyd, sê die Here, sal daar navraag gedoen word na die sonde van Israel, na die oortredings van Juda, maar daar sal niks gevind word nie, want Ek sal die sonde van die wat Ek laat oorbly, vergewe."* (Jer 50:20)

In sommige gevalle sal ek nog **die gevolge** vir my sonde hier op aarde moet dra. As ek ‘n *misdaad* gepleeg het, sal ek nog voor die hof moet verskyn en my straf uitdien. God se vergiffenis beteken nie **die aardse regter** moet my vryspreek nie. Voor die **hemelse Regter** is ek egter nou onskuldig. *"Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees"* (2 Kor 5:21).

Die **tekens van brood en wyn** by die nagmaal vanmore wil ons juis hiervan verseker - dat ons *skuld betaal* en dat ons voor God *vrygespreek* is. Jesus Christus se liggaam is gebreek en sy bloed het gevloei tot ‘n *volkome* versoening vir *al* ons sonde.
Al is ons ook nog sondaars, mag ons aansit by die nagmaal, want ons is *vergeefde* sondaars!

Amen